Hallo aan al die PVM Affie lede,

Ons tweede nuusbrief is uiteindelik hier. As julle die eerste nuusbrief gemis het of dalk net nie gelees het nie en nou baie spyt is kan julle dit nogsteeds lees
hier: http://www.pvmaffies.co.za/newsletters/Nuusbrief2008-01.pdf.

Algemeen

As julle nog nie op die web tuiste was nie, skaam julle vir die 2de keer!!

Alles kom nou mooi aan die gang en daar is alreeds baie fotos en nuus wat die afgelope twee weke gebeur het. Gaan kyk gerus en as julle fotos het wat opgesit moet word, teken aan en sit dit self op, so maklik!

Dieselfde geld vir jongste nuus. As daar iets nuuts is wat julle vir al die klub lede wil deel, sit dit op.

Baie geluk aan Olga Smit wat nou al twee 10km wedlope in haar ouderdomsklas gewen het. Hou so aan Olga en onthou om die prysgeld vir die klub te gee, dan kan ons almal minder lede gelde betaal volgende jaar, asook ons eie wyn kolleksie :)

Affies Bemarkings Dag - 1 Maart

Dit was 'n lekker dag gewees met ons nuwe Gazebo wat ons uiteindelik gekry het. Dankie aan almal wat enigsins iets gedoen het om te help, ons waardeer dit. Daar is ook fotos op die webtuiste sodat julle kan sien hoe die Gazebo lyk asook die geselligheid wat plaasgevind het daar.

Die meeste van ons het die 10km en die 21km gedoen en het toe al vroeg begin kuier op koeldrank - ek dink ons moet volgende keer maar hier 'n plan maak - en nuwe lede probeer werf.

Klaar gekuier, en opgepak kom Andre in vir die 42km....."Oooo @#$", word daar toe onder mekaar gesê, "Ons het nie geweet iemand doen die maraton nie". Wel die du Toit broers het besluit om toe die maraton te doen. So al wat ek kan sê is dat as jy beplan om 'n maraton te hardloop maak seker jy doen dit onder 3ure, anders is die Gazebo weg :)

Jammer vir daai een, ons skuld julle!

Akasia - 8 Maart

Weereens 'n lekker dag gewees, vroeg opgestaan, Gazebo opgeslaan en lekker gekuier met koeldrank en Savanna - Francois het saamgestem met die koeldrank kuiery - na die tyd. Een van die makliker roetes en daar het baie PB's geval en die weer het ook saam gespeel met 'n lieflike bewolkte dag.

Ons hoop om volgende keer meer gesigte te sien by die wedlope.

Volgende vergadering

Soos julle weet vind die volgende vergadering plaas op die **13de Maart om 17:30**. Almal is welkom om die vergadering by te woon, en as jy deel is van die bestuur, wel, dan moet jy daar wees :)

Belangrike gebeurtenisse

Daar gaan baie Affies volgende week Two Oceans toe. Sterkte aan hulle almal. Ons sal die resultate beskikbaar maak sodra dit uitkom.

Afsluiting

Ons hoop om julle almal te sien by die vergadering Donderdag asook by die volgende wedlope.

Affie Groete.